

# BASIESE
## VEILIGHEIDSMAATREËLS
## INDIEN JY IN 'N AFGELËE AREA WOON

www.saps.gov.za

# WEES WAAKSAAM!

**Doen die volgende om veiligheid en sekuriteit in afgeleë areas te verseker:**

- Ken jou bure en handhaaf goeie verhoudings met hulle.
- Weet watter sekuriteitsdienste en gemeenskapsgebaseerde misdaadvoorkomings-inisitatiewe in jou area beskikbaar is, en weet hoe om hulle te kontak ingeval van nood.
- Hou die kontakbesonderhede van die sekuriteitsmaatskappye, gemeenskapsgebaseerde wagte, nooddienste en die polisiestasie geredelik beskikbaar.
- Sorg dat jy 'n alternatiewe manier van kommunikasie het indien die telefoonlyne en selfone nie werk nie.
- Word deel van die misdaadvoorkomingsprogramme wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die gemeenskap, inisiëer.
- Sorg dat jy goeie verhoudings met al die betrokke rolspelers het, en weet wie om te kontak ingeval van nood.
- Oorweeg om 'n buurtwag in jou area tot stand te bring, of raak betrokke by die bestaande buurtwag.
- Neem deel aan simulasie-oefeninge met die Suid-Afrikaanse Polisiediens om die doeltreffendheid van die reaksie op insidente, te toets.
- Handhaaf goeie veiligheidsmaatreëls en -gewoontes tuis, en laat weet jou bure, die buurtwag, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en sekuriteitsmaatskappye van enige verdagte gedrag en aktiwiteite in jou omgewing.
- Verseker dat alle deure (insluitend sekuriteits- en motorhuisdeure), te alle tye gesluit is, en dat vensters toe is wanneer jy binne is of nie tuis is nie.
- Hou 'n register van die besonderhede van alle persone op die perseel, insluitend werkers, en moenie enige onnodige toegang tot die perseel toelaat nie.
- Ontbos gereeld die area om jou huis en maak jou erf en alle moontlike wegkruipplekke skoon. Sluit alle gereedskap en implemente toe.
- Wees waaksaam en verseker dat alle persone op die erf, insluitend werkers en besoekers, ook waaksaam is en weet wat om te doen in geval van verdagte optrede en/of 'n noodsituasie.
- Moenie blindelings reageer op enige verdagte aktiwiteite nie, veral nie snags nie.
- Moenie 'n groot bedrag geld en/of waardevolle items op die perseel hou nie.
- Verseker dat addisionele veiligheidsmaatreëls ingestel is indien jy enige produkte van die perseel af verkoop.

**Saamgestel deur die**
Misdaadvoorkomingsoperasieseksie,
Sigbarepolisiëringsafdeling
**Telefoonnommer: 012 421 8273/8095**